

## Inleiding



Die verhaal van die Afrikaanse Walterse<sup>1</sup> begin met Samuel, gebore in 1673 in 'n minder bekende Europese land, Slowakye. Die Walters-naam is ontleen aan 'n patronimiese uitgang van die doopnaam *Walther*. *Walther* kom van *walt-hari* (*walt* beteken heersend en *hari* beteken leërmag of volk). *Walther* word behou in vanne soos Walter, Walters, Wolters, Wouters(se) en Wouterson<sup>2</sup>.

Samuel en sy drie seuns is in verskeie dokumente as beide Walter en Walters beskryf en het meestal hulle name as Walter geteken. Vanaf die tweede generasie is die van Walters egter deurgaans gebruik. Die oorgang van Walter na Walters, soos met baie ander Afrikaanse vanne, was moontlik te wyte aan 'n Nederlandse interpretasie en gebruik asook die interpretasie van die dokumentskrywers.

Ernst Friedrich Walters van Breslau het in 1688 'n Kaapse burger geword en was die eerste Walters in *Cabo de Goede Hoop*<sup>3</sup>. Ernst het slegs een dogter gehad en het dus geen Walters-nageslag voortgebring nie. Mauritz Walters (of Wolder) van Lubeck het ongeveer 1700 in die Kaap aangekom as matroos en was later boukneg<sup>4</sup>. Hy het wel twee seuns gehad, maar hulle nageslag het verdwyn na drie generasies. Alle Walterse in Suid Afrika van nie-Anglo-Saksiese oorsprong stam dus af van die stamvader Samuel Walters van Pressburg.

### Samuel Walter(s) – ons stamvader

Om die geskiedenis van hierdie merkwaardige man en sy nageslag in Suid-Afrika te beskryf fokus hierdie boek op 10 temas of gebeurtenisse. Elkeen van hierdie gebeurtenisse was krities vir die voortbestaan van hierdie familie.

#### 1. Vervolging van Protestante in Oostenryk - 1627<sup>5</sup>

Dit is heel waarskynlik dat Samuel 'n seun of kleinseun was van 'n Duitse Protestant (moontlik Daniël of Samuel) wat uit Oostenryk moes vlug weens die vervolging van Protestante. Die Duitse keiser, Ferdinand II, het in 1627 verklaar dat alle Protestante die land (insluitende die Oostenrykse lande) moes verlaat. Duitse Protestantse families het Oostenryk vanaf 1627 tot ná 1650 verlaat veral vanaf die Waldviertel in die noordweste van Laer-Oostenryk en staan bekend as die Exulanten. In sekere streke van die Waldviertel was feitlik alle inwoners Protestante.

Ongeveer 20 000 families het die Waldviertel-streek verlaat as gevolg van hulle geloofsoortuiging. As gevolg van gevestigde handelsroetes na Wes-Europa het die meeste families weswaarts uitgewyk na Frankeland. Dit is egter minder bekend dat die emigrasie ook ooswaarts gestrek het na Pressburg, tans Bratislava, die hoofstad van Slowakye, destyds deel van die Hongaarse ryk. Volgens die rekords van die Exulanten in Wene was daar twee Walter(s)-gesinne wat Neder-Oostenryk vroeg in die sewentiende eeu verlaat het, een van Vitus en die ander van Untermeisling. Die

rekords van Vitus begin eers na 1648 en dié van Untermeisling is vernietig in 'n brand in 1835. Dit is waarskynlik dat Samuel se oupa een van dié Walterse was wat weens hierdie omstandighede gevlug het na Pressburg, waar Samuel en moontlik ook sy vader gebore is.

Samuel se vader (moontlik Daniël) kon ongeveer 1650 gebore gewees het wat dit waarskynlik maak dat hy reeds voor Samuel se geboorte in Pressburg woonagtig was. Daar is egter getuienis dat sommige families die Waldviertel en ander streke tot so laat as 1670 verlaat het. Bogenoemde is egter moeilik om te verifieer aangesien die Protestantse doop- en huweliksinligting vanaf 1661 tot 1684 nie meer beskikbaar is in die Bratislawa-Argief en waarskynlik nie meer bestaan nie. Ons is egter baie seker dat Samuel grootgeword het in Pressburg aangesien Pressburg as die plek van herkoms in verskeie dokumente in sowel die Kaapse Argief as die Ryksargief in Den Haag aangegee word.

## **2. Vervolging en beleg van Hongarye**

Protestante is later weer vervolgd in Hongarye, insluitende Pressburg, en het meer as 900 van hulle kerke in Hongarye verloor. Terselfdertyd het Pressburg gely onder talle aanvalle van die Turkse magte wat groot dele van Hongarye beset het. Uit verskeie dokumente, veral Samuel se kinders se testamente, is dit duidelik dat sy sterk Christelik-Protestantse waardestelsel, asook die haglike sosio-ekonomiese toestand in Pressburg, bygedra het tot sy besluit het om as jong man aan te sluit by die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie (VOC). Dit sal seker altyd 'n raaisel bly hoe Samuel by die VOC betrek is en die reis van meer as 500 kilometer van Pressburg na Amsterdam afgelê het.

## **3. Die Assendelt se vaart na Ceylon (1695)**

Samuel het vanaf Amsterdam vertrek op 'n kleiner boot na die eiland Texel, van waar die groot skepe vertrek na die Ooste. Samuel het op 19 Desember 1695 vanaf Texel vertrek op die Assendelft onderweg na Ceylon en onder die kapteïnskap van Sijbrand Visser. Daar was 225 mense aan boord waarvan 29 gesterf het op die vaart na die Kaap. Dit getuig van die moeilike omstandighede aan boord vir amper sewe maande. Ons weet ook nie hoekom hy in die Kaap agtergebly het nadat sy skip verder gereis het na Ceylon nie. Moontlik is hy gewerf vir werk aan die Kaap of moontlik was hy baie siek.

Oor Samuel se eerste jare aan die Kasteel de Goede Hoop is maar min bekend nadat hy aan wal gestap het op 27 Julie 1696. Ons kan dus aflei dat Samuel maar 'n droewige bestaan vir amper 10 jaar gemaak het op sy karige soldy as soldaat in diens by die perdestalle sonder enige vooruitsig van bevordering. Die beloftes van 'n beter toekoms, soos waarskynlik deur VOC bemarkers en werwers in Pressburg verkoop was, is seker dikwels deur Samuel bevraagteken en hy het heel moontlik terugverlang na Pressburg.

## **4. Samuel Elsevier – Secundus aan die Kaap**

Die volgende fase in Samuel se loopbaan het 'n belangrike impak gehad op die Walterse se geskiedenis. Samuel is vanaf 1707 tot 1710 uitgeleen aan Samuel

Elsevier, sekondus aan die Kaap, om as plaasarbeider diens te doen. Samuel het sy vaardighede as landbouer ontwikkel en het in 1710 'n vryburger geword. Dit is in hierdie landbouersnetwerk waar hy Maria van der Westhuizen, weduwee van Cornelis Van Nieuwekerken (vandag Van Niekerk), ontmoet het. Sy loopbaan, soos dié van vele ander soldate, het verander van soldaat na landbouer en het die grondslag gelê vir die Walters-nageslag, wat almal op ou familieplase grootgeword het.

## **5. Adam Tas en die opstand teen Willem Adriaen van der Stel**

Samuel se karige bestaan het onherroeplik verander weens die dramatiese ontevredenheid van die boere onder leiding van Adam Tas teen die korrupsie van Goewerneur Willem Adriaen van der Stel en sy mede VOC-bestuurslede aan die Kaap. Cornelis Van Niekerk was een van die burgers wat verban is na Mauritius as gevolg van hulle verset teen Willem Adriaen Van Der Stel en hy het kort hierna gesterf.

## **6. Huwelik met Maria van der Westhuizen - Stammoeder**

Samuel is op 22 Maart 1711 in Stellenbosch getroud met die weduwee van Cornelis, Maria van der Westhuizen. Cornelis en Maria het vier seuns en twee dogters gehad. Al die Van Niekerks in Suid-Afrika stam van hierdie vier seuns af. Al die Van Niekerks en Walterse het dus dieselfde stammoeder. Cornelis het vir Maria verskeie plase nagelaat wat Samuel in staat gestel het om die plaas De Tijgerberge, geleë aan die Tygerberge, aan te koop<sup>9</sup>. Die plaas De Tijgerberge heet vandag Altydgedacht en kan as die Walters-stamplaas beskou word.

## **7. Geboorte van die Walters-seuns**

Drie Walters-seuns is gebore en gedoop in die Kaapse kerk, naamlik Daniël (1711), Nicolaas (1714) en Stephanus Sebastiaan (1716). Hulle het saam met die ouer Van Niekerk-kindere grootgeword op De Tijgerberge<sup>9</sup>. Uit die plaasopgaafrolle is dit duidelik dat Samuel 'n suksesvolle wyn- en veeboer was. Hy is oorlede in 1726 en het in sy boedel goed gesorg vir sy weduwee, hulle kinders asook haar kinders uit haar eerste huwelik. Maria<sup>10</sup> is as 'n welgestelde vrou oorlede in 1734 en laat 'n aansienlike boedel na aan haar seuns.

## **8. Venia Aetatis**

Aangesien die Walters-seuns onmondig was (in daardie jare onder 25 jaar) het hulle aansoek gedoen om meerderjarigheidsverklaring, *Venia Aetatis*<sup>11</sup>, in 1734 (Daniël) en in 1738 (Nicolaas en Stephanus) om sodoende hulle erfgeld van die weesmeester te ontvang.

Sonder die stelsel van Venia Aetatis sou die seuns nie in die vermoë gewees het om hulle eie plase aan te koop nie. Hierdie gebeurtenis het dus 'n fundamentele invloed gehad op die Walters-familie se ontwikkeling. Plase was maar oor die algemeen min,

werk skaars en druk is op die burgers geplaas om verder Noordwaarts en veral na die Oos-Kaap uit te wyk op soek na 'n beter toekoms vir hulle families. Sonder hulle aansienlike erfposies en goeie landbouvooruitsigte sou Nicolaas en Stephanus waarskynlik ook uitgewyk het na die Oos-Kaap soos die meerderheid van boere en burgers wat finansiële swaar gekry het en sou dus ook later deelgeneem het aan die Groot Trek.

## **9. Nege Stamouers in die vyfde generasie**

Nicolaas en Stephanus se name is voortgedra tot die elfde geslag Walterse. Wat merkwaardig is dat vir twee generasies na hulle daar slegs een seun van elke lyn was wat die Walters-naam voortgeplant het. Eers in die vyfde generasie (Nicolaas en Stephanus se agterkleinseuns) is daar nege stamouers gebore wat die grondslag gelê het vir die voortbestaan van die Walters-familie. Drie van die Nicolaas-tak se agterkleinseuns en ses van Stephanus-tak se agterkleinseuns vorm die fondament van die Afrikaanse Walters-diaspora in Suid-Afrika. Hierdie nege Walters-stamouers, meestal gebore vroeg in die negentiende eeu, vorm 'n eenvoudige basis vir die opspoor van voorgeslagte en identifiseer fokusareas vir verdere navorsing.

Die stamvader van die bekendste en grootste Afrikaner-familie, Van der Merwe, se seun Schalk Willemzoon is getroud met Anna Prevost en hulle het tien seuns gehad, wat op hulle beurt weer negentig seuns voortgebring het. Saam met die dogters het hulle 'n verstommende 135 kleinkinders voortgebring<sup>1</sup>. Samuel Walters se twee seuns het daarenteen slegs sestien kleinkinders opgelewer; dit verklaar die relatiewe klein omvang van die Walters-familie in Suid-Afrika.

## **10. Walters-diaspora**

Nicolaas se nasate het hulle hoofsaaklik gevestig in die omgewing van Riebeek-Kasteel, Riebeek-Wes en Tulbagh in die Wes-Kaap, asook die gebiede Williston, Loxton en Carnarvon in die Noord-Kaap. Stephanus Sebastiaan se nageslag het versprei vanaf Malmesbury/Swartland na die Weskus en Franschhoek in die Wes-Kaap tot Boshof, Brandfort en Bloemfontein in die Vrystaat, asook later tot by Pretoria, Johannesburg, Witbank en Middelburg in die voormalige Transvaal. Daar was verskeie huwelike tussen die twee Walters-familielyne en dit maak natuurlik die eenvoudige prentjie heelwat ingewikkelder. Na 1900, en veral na 1920-30, was daar 'n groter mobiliteit onder Suid-Afrikane, wat die Walters-verspreiding bespoedig het. Die blanke kieserslys van 1989 lys ongeveer 1400 Walterse, wat gades sowel as die Anglo-Saksiese Walters-stamlyne insluit. Sou mens aanvaar dat die Anglo-Saksiese stamlyne sowat 40 persent uitmaak van Walterse in Suid-Afrika en dat die kinders onder 18 jaar twee maal die aantal moontlike gesinne was, is dit waarskynlik dat Samuel se nasate ongeveer 2 000 is. Dit is relatief min in vergelyking met ander Afrikaanse families en is hoofsaaklik te wyte aan die feit dat in beide Nicolaas en Stephanus se stamlyne eers na die vierde generasie begin verander het in meervoudige stamlyne. Sou 'n mens Samuel se keuse van Cabo de Goede Hoop as tuiste koppel aan die drie generasies van enkellyne wat almal jonk gesterf het, is dit werklik merkwaardig dat hierdie familie vandag sy nog sy plek volstaan in die Suid-Afrikaanse samelewing.

## Impak van die Walterse

Die impak van die Walterse op die Suid-Afrikaanse samelewing word weerspieël in vele fasette. Afgesien van die rol in die landbou, het hulle diep spore gelaat in die medisyne en tandheelkunde, letterkunde, wetenskap, diplomاسie, weermag en sport. Voorbeelde sluit in: Admiraal Johan Charl Walters, Hoof van die Vloot; Booije Gerrit Walters, ambassadeur in Suid-Amerika; Pieter Eduard Walters, professor in Fisika aan die Universiteit van Stellenbosch; Nicolaas Matthys Walters, Uitvoerende Direkteur van die Mediese Navorsingsraad; Mike Walters, Direkteur van die Landbounavorsingsraad; Matthys Michiel, beter bekend as MM Walters, die skrywer en digter; Elizabeth Walters (Kotze), skrywer; Schalk Willem Walters, Direkteur van Onderwys; Johan Walters, Springbok-rugbyspeler en vele ander.

Van die Walterse het ook die hoogste prys betaal vir hulle volk en vaderland. Johan Matthys Walters<sup>15</sup> is op tweejarige ouderdom in die Brandfort-konsentrasiekamp oorlede. Verskeie Walterse het hulle dapperheid bewys aan die oorlogsfront in die Tweede Wêreldoorlog<sup>16</sup>. Daniël de Waal Walters, seun van Daniël Walters, het in Portugal gesneuwel saam met vyf ander bemanningslede nadat hulle vliegtuig neergestort het. Hulle is almal begrawe in die Loriga begraafplaas in Portugal. Dirk Johannes Frederik Walters van die 6de Berede Regiment, seun van Booije Gerrit Walters, is begrawe in die Ladysmith begraafplaas naby Durban. Pieter Johannes, seun van Stephanus Sebastiaan, het gesneuwel op die front in Libië; hy is begrawe in die Knightsbridge War Memorial naby Tobruk. Kolonel Stephanus Sebastiaan van Noodhulp naby Vredenburg, kapelaan in die Suid-Afrikaanse Weermag, is oorlede na die bomaanval in Pretoria in 1982.

Die Walters-stamname Samuel, Nicolaas en Stephanus bly voorbestaan tot in die elfde generasie met variasies in die tweede naam soos byvoorbeeld Samuel Antonie, Samuel Hendrik en Nicolaas Johannes. Verskeie nuwe bekende Walters-name is bygevoeg vanaf moederlike oorsprong. Matthys Michiel(se) kom vroeg voor in beide Nicolaas en Stephanus se stamlyne en is afkomstig van die Basson- en die Clements-families. Schalk Willem kom van die Van der Merwe-stamnaam en Coenraad Hendrik van die familie Feijt (Feyt). Die stammoeder se naam Maria kom in verskeie variante voor terwyl die mees algemene vrouenaam in die vroeë Walters-geskiedenis Catharina Wilhelmina was.

Hierdie boek erken die meer as duisend vroue wat hierdie van laat voortleef het. Sommige van hulle was so jonk as dertien jaar en het tot twintig kinders voortgebring. Sonder hulle swaarkry en sukses op die gebied van landbou kon die familie en sy Christelike waardestelsel nie voortbestaan nie.

Om af te sluit haal ek graag aan uit Matthys Michiel (M.M.) Walters se gedig uit *Die Swartland is my Tuisland*<sup>17</sup>. Ek hoop dit sal die Walters-nageslag inspireer om voort te bou op die drome wat Samuel, ons stamvader, gehad het vir sy nuwe tuiste, die Kaap, die Swartland, en eendag 'n nuwe nasie in Suider-Afrika.

***Die Swartland is 'n ou land,***

*ou land soos die Kaap  
van die eerste dag afloopplek  
vir die groot troppe vetsterskaap.*

*Oop en stil was die nuwe wêreld  
lank voor plaas en ploeg en saai,  
net die suidewind het soos nou saans  
koud oor die renosterbos gewaai.*

*Wilde hawer het teen die heuwels  
golwend in die son geblink,  
geil belofte wat die veeboer dieper  
in dié mooi land in sou wink.*

*Maar Tafelberg was nooit baie ver nie:  
vaste vertroosting by die see,  
berg van oorsprong en terugkeer  
wat blougrys nog versekering gee.*